

2024 se Kantoorkampioen-toekenning: Bepalings en voorwaardes

1. Nomineer 'n persoon werksaam in 'n administratiewe rigting wat na jou mening die titel, "Kantoorkampioen", waardig is.
2. Nominasies word aanlyn gedoen.
3. Inskrywings is gratis.
4. Die wenner word aangewys deur 'n kombinasie van punte wat deur 'n paneel van kundiges beslis word. Indien die genomineerde 'n lid van die Solidariteit Kantoorpraktisynsnetwerk is, sal dit in sy/haar guns tel met 'n addisionele puntetoekenning.
5. Die getal nominasies per persoon is onbeperk.
6. Die getal inskrywings is onbeperk.
7. Geen persone onder 18-jaar mag hieraan deelneem nie.
8. Die genomineerde is verantwoordelik vir die korrektheid en suksesvolle registrasie van sy/haar inskrywing. Die inligting wat tydens die kandidaat se registrasie ingewin word sal ook by die beslissing van ons wenner in ag geneem word.
9. Die genomineerde persoon is daarvoor verantwoordelik om 'n gratis profiel op Solidariteit te registreer:
<https://aanlyn.solidariteit.co.za/registreer>.
10. Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalinge, reëls en voorwaardes.
11. Die nominasies kan vanaf 06 Augustus 2024 tot 30 Augustus 2024 ingestuur word, waarna 'n siftingsproses sal volg.
12. Die nominasieblad sluit op 30 Augustus 2024 om 17:00.
13. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.
14. Elke genomineerde moet self sy/haar aanlyn registrasie voltooi om 'n volwaardige kandidaat te wees. Die registrasieskakel word per e-pos gekommunikeer.
15. Die toptienkandidate sal deur 'n paneel beslis word en volgens seleksiekriteria aangewys word.
16. Die toptienkandidate sal daarna op Solidariteit se sosialemediaplatforms bekendgestel word.
17. Die topdriekandidate sal daarna deur Solidariteit se kantoorpraktisynsnetwerk en ons sosialemediaspan besoek word.

18. Die wenner word aan die einde van die jaar by 'n glansgeleentheid aangekondig. Alle kommunikasie rondom die geleentheid sal voortydig aan die betrokke kandidate gekommunikeer word. Reis- en verblyfkostes word deur Solidariteit gedek, soos en indien nodig.
19. Die beslissing is finaal en is nie onderhandelbaar nie.
20. Die wenner sal op al Solidariteit se openbare platforms bekendgemaak word.
21. Geen pryse kan oorgedra, omgeruil of uitgeruil word nie.
22. Die wenner stem in om hulle samewerking te gee en aan al die organisasie se openbare of mediageleenthede, wat met die kompetisie verband hou, deel te neem. Hulle stem ook in dat hul besonderhede op die organisasie se webwerwe mag verskyn en dat hulle die dienste sonder enige betaling sal adverteer en bevorder.
23. Alle inskrywings word die eiendom van Solidariteit en sal in 'n databasis opgeneem word, maar die inligting sal vertroulik hanteer word en slegs vir Solidariteit se gebruik wees.
24. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit gekontak te word.
25. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging, sowel as die borge en agentskappe wat by hierdie promosie betrokke is, van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie en/of die benutting van die prys.
26. Indien Solidariteit nie daarin slaag om 'n pryswenner binne vyf werksdae na die finale beslissing per e-pos of telefonies te kontak nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
27. Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van stuur, is nie bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.

[Klik hier](#) vir die volledige bepalinge en voorwaardes